


OLD MUTUAL

175 JAAR

# LIQUEFIED PETROLEUM GASINSTALLASIES

**INSURE**
LANDBOU VERSEKERING

175 JAAR WAARIN DIE ONGELOOFLIKE GEDOEN IS

Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# GAS INSTALLASIES – BESKERM JOUSELF, JOU GESIN, JOU WERKERS EN BESOEKERS OP JOU PLAAS

Ons almal het waarskynlik op een of ander stadium beurtkrag en kragonderbrekings beleef en om 'n alternatiewe kragbron beskikbaar te hê kan beslis die lewe makliker maak.

Dit is juis die onvoorspelbaarheid van deurlopende elektrisiteitsvoorsiening en die hoë koste daarvan wat daartoe lei dat mense elektrisiteit van alternatiewe kragbronne verkry. Dit het tot gevolg dat die gebruik van gastoestelle, sonpanele en kragopwekkers in huise en op plase al hoe gewilder raak en die afgelope paar jaar aansienlik toegeneem het.

Een van die goedkoper opsies is die gebruik van "Liquefied Petroleum" (LP)-gas vir verhitting en kosvoorbereiding. Hoewel gas oor die algemeen 'n veilige produk is om mee te werk, kan dit (net soos enige brandstof) 'n gevaar inhou wanneer dit foutiewelik gebruik of geïnstalleer word.

## GEVARE

Gasvoorvalle vind plaas as gevolg van menslike foute, soos verkeerde gebruik en foutiewe installasie, sowel as die gebrek aan instandhouding, wat tot ontploffings, brande en die inaseming van koolstofmonoksied kan lei.

### MOONTLIKE OORSAKE VAN HIERDIE LP-GAS-RISIKO'S SLUIT IN:

- swak pyplydings en -verbindings,
- beskadigde of verroeste silinders,
- 'n silinder te na aan 'n hittebron en
- silinders wat foutief gestoor word.

Indien gas nie behoorlik brand nie of in 'n area sonder voldoende ventilasie gebruik word, produseer dit oortollige koolstofmonoksied. Wanneer dit ingeasem word, verminder suurstof in die bloed en dit kan lei tot duiseligheid, hoofpyne, naarheid, bors- en maagpyne, bewusteloosheid en in ekstreme gevalle, selfs tot die dood.

Daarom is dit baie belangrik om bewus te wees van hierdie gevare, sowel as die wetgewing en regulasies wat van toepassing is op vaste gas-installasies soos 'n ingeboude gasstoof, warmwaterstelsel, gaskaggels en gasbraaiers.

## WETGEWING

Die spesifieke wetgewing wat gas-installasies reguleer word in die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid van 1993 (soos gewysig) vervat.

## SERTIFIKAAT VAN VOLDOENING ("COC")

Sedert Oktober 2009 is dit verpligtend dat 'n Sertifikaat van voldoening ("CoC") vir vaste gas installasies deur 'n gemagtigde persoon wat by die "Liquefied Petroleum Gas Safety Association of Southern Africa" (LPGAS) geregistreer is as 'n gaspraktisyn vir die spesifieke gas installasie, uitgereik moet word.

Die sertifikaat bevestig dat die gas-installasie aan beide die vereistes van die wetgewing en die nodige regulasies van die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) voldoen en dus veilig is.

Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie- en Sertifiseringskomitee vir Gas (SAQCCGas) is gemagtig om gaspraktisyns as bevoeg binne 'n spesifieke werkomvang te registreer.

## MOONTLIKE IMPLIKASIES

'n LP-gas-installasie sonder 'n geldige sertifikaat sal die installasie onwettig en moontlik onveilig maak en kan tot ernstige gevolge lei, veral in die geval van beserings of dood.

Indien 'n brand of ontploffing plaasvind weens 'n gas-lekkasie, verkeerde/foutiewe installasie of instandhouding en daar is nie 'n nuutste voldoeningsertifikaat beskikbaar nie, kan jou versekeringsmaatskappy moontlik jou eis ook afkeur.

## TREE PRO-AKTIEF OP

Beskerm jouself, jou gesin, jou werkers en besoekers op jou plaas deur pro-aktief op te tree en maak seker dat jy voldoen.

Gesels met ons oor die Old Mutual Insure Agriplus produk, spesiale-vervanging-van-geiser-dekking. Hierdie bykomende dekking wat beskikbaar is bied jou die opsie in die geval van 'n eis, om 'n konvensionele geiser in jou woning met 'n hittepomp, of 'n sonkrag- of gas-geiser te vervang.

Hierdie artikel het ten doel om slegs inligting te verskaf en nie enige advies of regsadvies nie.

**Besoek ons webwerf - www.ominsure.co.za, vir inligting oor ons landbou-produkoplossings en vir die kontakbesonderhede van ons verkoopskantoor naaste aan jou.**

OLD MUTUAL INSURE